wat nodig is. Sodra die takkie dus volwassenheid bereik en ophou groei het, moet die addisionele groei drasties teruggesnoei word. Moet dus nie sagte groei met die vinger afknyp nie aangesien dit die groei vertraag. Ogies ontwikkel slegs op ryp hout.



Laat takke toe om wild te groei sodat ogies op die hardehout kan ontwikkel. Sny daarna drasties terug na een of twee ogies

c. Strawwe snoei is soms nodig om bome wat "stilstaan" te stimuleer. Sodra 'n boom straf teruggesnoei is, word sluimerende ogies geaktiveer en vind ons dat nuwe groei orals teen die stam, op die raam- en sytakke geaktiveer word. Oortollige ogies teen die stam en wat na binne of afwaarts groei, kan dadelik verwyder word. Die nuwe groei moet dan toegelaat word om weer sterk en wild te

groei voordat hulle na een of twee internodes teruggesnoei word.



Let op die internodes en ogies

d. Om die boom te dwing om nuwe groei te gee kan die boompies gedurende Desember totaal ontblaar word.

Hierdie metode is soms nodig indien die boompie nie "aktief" groei nie. Ontblaring het tot gevolg dat die boompie 'n rusperiode ingaan soos gedurende die winter. Met die warm weer wat gedurende Desember ondervind word, kom die boompie agter dat dit weer "lente" word en stoot sy botsels uit op alle moontlike plekke.

Onnodige botsels kan dan verwyder word en slegs die ogies wat nodig is, kan gelaat word om te ontwikkel. Hierdie metode werk met alle *Acacia* spesies behalwe die Enkeldoring en die Kameeldoring wat blykbaar 'n stadige metabolisme het en nie vinnig op die verandering reageer nie. Dit mag moontlik die rede wees waarom takkies van veral die twee spesies maklik terugsterf.